

25 Mei

Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 3:1-5

Bid vir ons (2)

Gister het ons gesien die eerste rede om vir ons as predikante te bid, is die *aard van ons werk*: moeisaam, eensaam en soms ondankbaar.

Vandag kyk ons na die tweede rede: *Die vinnige verspreiding van die Woord van die Here*

Gaan 'n mens Paulus se briewe na, sien jy dat hy nie vir persoonlike sake voorbidding vra nie, maar "dat die Woord van die Here vinnig mag versprei" (2 Tess 3:1).

Besef u, lidmaat, hóé afhanklik 'n prediker van die gebede van God se mense is? Elke keer as ons die Woord bedien, veg ons nie net teen die gevaar om verkeerd verstaan te word of nie duidelik gehoor te word nie, maar teen "elke bose gees in die lug" (Ef 6:12).

Prediking is geestelike oorlogvoering teen Satan self. Hy verdra nie die verspreiding van Jesus se heerlike bevrydingsboodskap nie! Niemand kan dié geveg op eie houtjie wen nie. Paulus, die groot leier met besondere geestesgawes, is die eerste om te erken: "Ek kan dit nie sonder julle gebede doen nie!"

Het jy al op 'n Saterdagavond vir jou predikant gebid wat môre die geestestryd met Satan op die kansel moet aanpak?

Ds J Botha (Laeveld)